


Die nuwe kerkgebou van die Ned. Geref. gemeente Kroonstad Noord, wat 'n paar weke gelede deur ds. P. S. van Heerden ingewy is. Hierdie kerkgebou het 'n dom waarvan die deursnee 65 voet is—die grootste betondom in die Unie. Die verwulf van die Johannesburgse stasie is maar 60 voet in deursnee. Die toring van hierdie kerk is tot die tinne van Vrystaatse sandsteen, iets wat maar min voorkom. Dit bevat 'n klokkespel, die geskenk van mnr. en mevr. Slabbert (van Slabbert en Verster, Johannesburg). Die gebou het ruim £20,000 gekos. Regs bo op die afbeelding is 'n vergrote weergawe van die sierlike ingang, wat al dadelik bewondering wek. Die argitek is mnr. Gerard Moerdyk.